**Die roeping van Abram**

**Gen 12:1-9**

**13 Augustus 2023**

1. Vantevore: Sesde toledot = familiegeskiedenis van Tera/Abram. Die Here roep Abram en maak beloftes aan hom, Abram glo die beloftes, oor die loop van jare worstel Abram met die vervulling van die beloftes, maar sy geloof groei, en die Here verbind Hom al vaster aan Abram. Abram word die vader van alle gelowiges.
2. Die konteks van Abram se roeping
    a. Tydens die skepping, praat die Here, en die aarde ontstaan. Na die sondvloed praat die Here, en beloof om die aarde te bewaar in Sy algemene genade (strek wyd na alle lewende wesens). Met Abram praat die Here, en beloof gefokusde, spesifieke genade vir Abram en sy nageslag (fokus van genade is nouer, maar dieper)
    b. Die Here se seën:
        - Gen 1-11: lees 5 keer van die Here se seën: Gen 1:22, 1:28, 2:3, 5:12, 9:1
        - Gen 12:1-3: lees ook 5 keer van die Here se seën
3. Die inhoud van Abram se roeping (Gen 12:1-3)
    a. Geen detail oor hoe die Here met Abram praat, hoekom Hy juis met Abram praat nie
    b. Soewereine opdrag: Trek weg van jou land, jou familie, jou ouerhuis (v1)
    c. 4 Beloftes van die Here (v1-3):
        - Land: Kanaän, maar die land bewoon deur Kanaäniete, neem lank voor dit aan Israel behoort, verloor dit in ballingskap – NT: nuwe aarde
        - Nasie: Israel, neem lank om groot nasie te word, die ryk skeur, weggevoer in ballingskap – NT: ware gelowiges uit elke volk, stam, taal en nasie
        - Groot naam: Erkenning deur bv farao (Gen 12:20) en Abimeleg (Gen 20:15) – NT: vader van almal wat glo (Rom 4:16)
        - Seën: fisiese voorspoed (Gen 13:2, 24:35), groot nageslag (Gen 15:5, 22:17), oorwinning (Gen 22:17) – NT: uit alle nasies sal mense geregverdig word deurdat hulle glo
    d. 3 Kringe van vervulling: (1) Abraham en direkte afstammelinge – Genesis (2) Israel en Kanaän – OT (3) kerk en die hiernamaals – NT
4. Die gehoorsaamheid van Abram (Gen 12:4-9)
    a. Verstommend: Abram het gegaan, soos die Here vir hom gesê het (v4)
    b. Motivering: Want die Here het so gesê – onvoorwaardelike gehoorsaamheid
    c. Trek deur die beloofde land (v6-9): Altaar by Sigem (vgl Deut 11:29-30, Jos 24, 1 Kon 12), altaar by Bet-El/Ai, Negev (Suidland) – die land behoort aan die Here en Abram en nageslag
5. Die verband tussen roeping en geloof
    a. Die roeping van die Here gaan geloof vooraf
    b. Die keuse van wie deur die Here geroep word, berus by die Here (vgl Ef 1:4-6)
    c. Wanneer die Here roep, is sy roeping effektief, en die een wat geroep word, sal gehoorsaam reageer (Larger Cathecism, Westminster Confession, Q 67)
    d. Roeping van die Here lei tot geloof in die Here en Sy beloftes (Rom 4:21, Heidelbergse Kategismus, Sondag 7, Vr 21)
    e. Roeping gaan gepaard met bekering (roeping → geloof → bekering) (Heb 11:8)
    f. Die vervulling van die Here se beloftes is hoogstens gedeeltelik in hierdie lewe
    g. Om deur die Here geroep te wees, is 'n groot seën